BESPREKING: BELHAR BELYDENIS

Die aanbeveling deur die Kaapse Konvent vir Eenheid dat die belydenis van Belhar deel moet vorm van 'n groter verenigende kerk in die NG Kerkfamilie is 'n belangrike ontwikkeling in die trae proses om die eenheid in die rasverdeelde NGK-familie te herstel. Strukturele kerkeenheid is 'n ideaal wat deur feitlik die hele NGK-familie gesteun word. Die groot struikelblok tot dusver was meningsverskil oor die belydenis van Belhar. Belhar was sedert sy konsepsie in 1982 omstrede. Hoewel dit self nooit na apartheid verwys nie, is dit gebore in die stryd daarteen. Om dit egter bloot as 'n politieke belydenisskrif af te maak, sou nie reg laat geskied aan die fyn teologiese besinning wat in daardie gespanne tye oor die kwessies van versoening, eenheid en geregtigheid gedoen is en wat in die belydenis neerslag gevind het nie. Met reg wys kerklui soos dr Coenie Burger daarop dat die belydenis nou baie kan beteken vir lidmate wat in 'n nuwe politieke bedeling voel dat hulle onreg ly. 'n Mens het begrip vir die NGK-leiers se dilemma dat baie lidmate nie aan Belhar wil byt nie en dat die kerkleiers nie die strewe na eenheid tot nuwe skeuring wil laat lei nie. Tog het die tyd dalk aangebreek dat die leiers, soos in die Kaap, leiding gee oor wat die regte ding is om te doen.

Uiteenlopende reaksie is gister uit die res van die NG Kerk ontvang op die Konvent van Eenheid se besluite oor die Belydenis van Belhar. Die konvent, waarin die NG Kerk se streeksinodes van Oos- en Wes- en Suid-Kaapland saam met die Verenigende Gereformeerde Kerk se Kaapse sinode vergader het, het Belhar as deel van sy eie belydenisgrondslag aanvaar en dit aanbeveel as deel van die belydenisgrondslag van 'n groter verenigende kerk in die NG Kerk-familie. Prof Piet Meiring, lid van die Oos-Transvaalse diensraad het dit as 'n "wonderlike ding" bestempel en gesêê hy hoop dis "die deurbraak waarna ons verlang". Ds Willie Goosen, ondervoorsitter van die Suid-Transvaalse moderamen, het gesêê sy kerkraad in Aasvoëëlkop het Belhar reeds aanvaar. Hy hou van die konvent se besluite en sêê dis tyd om klaar te maak met die fyngevoeligheid oor Belhar se herkoms. Ds Mike Smuts, uittredende moderator van Noord-Transvaal, het gesêê hy is gemaklik met die konvent se besluite. Dit is volgens hom beweging in die regte rigting. Prof Pieter Potgieter, moderator van die algemene sinode, het gesêê dit klink nie vir hom of die konvent se besluite noodwendig verskil van die standpunt van die algemene sinode nie. Prof Piet Strauss, Vrystaatse moderator, het gesêê die Vrystaatse sinode het homself reeds met oorweldigende meerderheid uitgespreek teen Belhar as belydenisskrif. Hulle sal weer daaroor moet dink. Strauss sêê nou moet daar gesprek gevoer word. Prof Russel Botman van die VGK het gesêê hy was by die konvent verras met die NG verteenwoordigers se posisie. Die debatte het nie meer gegaan oor ou strypunte nie. Volgens Botman het die konvent 'n "ons-kultuur geskep" waarin mense van verskillende kerke nie meer praat van "ons" en "julle" nie.

‘N Belydenis

1. **Die Kerk is God se Kerk*** Ons glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.
* God roep self mense om deel te wees van sy kerk. Hy beskerm en versorg sy kerk van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

2. **God se Kerk is een** [Almal wat in God glo, hoort saam]
* Ons word almal deur dieselfde God gered in Christus Jesus. Daarom is ons almal wat glo, mekaar se broers en susters.
* Ons glo dat God ons as Christene die opdrag gee om een te wees, om saam te staan, saam te werk en Hom saam te dien. Ons moet hierdie eenheid en samewerking onder gelowiges najaag en soek. Ons moet mekaar liefhê en liefde aan mekaar bewys.
* Ons glo dat 'n opregte geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van sy kerk is.
* Daar mag nie geskeidenheid, haat, vyandskap of verdeeldheid onder gelowiges wees nie. Alle gelowiges behoort God en mekaar in een kerk te dien. Daarom glo ons dat dit verkeerd is dat gelowiges wat dieselfde glo, in aparte kerke is.

3. **God se kerk is 'n vredemaker** ['n versoener]* Jesus Christus het die saak tussen God en mens kom regmaak. Die kerk moet voortgaan om hierdie versoening tussen God en mens te verkondig.
* Christus het gekom om dié dinge wat onvrede tussen mense veroorsaak, te oorwin. Christus oorwin dinge soos onversoendheid, haat, bitterheid en vyandskap.
* God het die boodskap van versoening aan ons toevertrou. Daarom glo ons dat God ons, as sy kerk, roep om vredemakers tussen mense te wees.
* Daarom moet ons die dinge wat mense van mekaar af weghou, as sonde sien en dit beveg. Die kerk moet dinge wat skeiding bring, teenstaan en versoening bewerk.
* Daarom verwerp ons die leer wat dit goedpraat dat mense op grond van ras of kleur gedwing word om apart te leef en in aparte kerke te wees.

4. **God se kerk soek geregtigheid** [en bring hoop vir dié wat verontreg word]
* God wil dat reg moet geskied en daar ware vrede onder mense moet kom.
* Ons glo dat God nie tevrede is as mense onregverdig behandel word nie. God sien die saak van die arme en die verontregte raak en Hy staan by hulle.
* God roep ons as kerk om Hom hierin te volg. Ons as kerk moet mense in enige vorm van lyding en nood bystaan. Ons moet opkom vir die saak van mense wat arm is, wat ly, wat in nood verkeer en wat onregverdig behandel word.
* Die kerk moet getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid.

5. **God verwag gehoorsaamheid van Sy kerk**
* Ons glo dat God van ons verwag om Hom in hierdie dinge te gehoorsaam, al sou menslike owerhede en wette daarteen wees en al sou dit meebring dat ons gestraf word en moet ly.

Aan die Enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid!